**25 Oktober**
**Skrifgedeelte: Lukas 24:36-53 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:51**

## Uitkringende seëninge

In hierdie wêreld waar ons as kerk 'n byna bomenslike stryd moet stry, rus die deurboorde hande van Jesus Christus versterkend en seënend op ons. Dit is ons roeping om die evangelie in hierdie wêreld te verkondig. Die woede van die helse magte word juis daardeur al hoe meer ontketen. Ons het egter die troos dat ons verseker is van Jesus se seënende nabyheid.

Hoe is dit moontlik as Jesus weg is? Hy is van ons geskei! Nee, met sy hemelvaart het Hy juis hemel en aarde nader aan mekaar gebring, die kloof wat deur ons sonde veroorsaak is, oorbrug. Die skeiding het verbinding gebring. Nou kan ons tot Hom nader en daal sy seëninge neer.

Hy het sy dissipels op die Olyfberg geseën. Hoër het Hy opgestyg en sy seën het Jerusalem ingesluit. Nog hoër styg Hy op en sy seën kring uit oor Judea, nog hoër en dit oordek Samaria en uiteindelik omsluit dit die uiterstes van die aarde! Sy seën brei uit in altyd wyer wordende kringe, wat elkeen van ons insluit waar ons ons ook al bevind of onder watter omstandighede ook al.

As ons ewige Hoëpriester deel Hy dit wat Hy aan die kruis verdien het aan ons uit. Sy seëninge strek oor gister en vandag en môre en tot in die verste nageslag. Dit maak ook nie saak of ons siek of gesond, oud of jonk, by die werk of op vakansie is nie.

So gaan ons getroos, dankbaar en roepingsbewus die toekoms in onder die seënende hande van ons Hoëpriester.

*Sing: Psalm 46:3 Ds W de Vos (Emeritus)*